

Sirkel-N-Landgoed: 'n Waardige Moerkweker van die Jaar

Deur Johandr  Breitenbach, ASD-Streeksbestuurder, Lydenburg

Sirkel-N-Landgoed is tydens die Bayer Moerkwekersforum, wat op 17 Julie in Century City in Kaapstad gehou is, as die Moerkweker van die Jaar vir 2024 aangewys.

Sirkel-N is 'n familieboerdery wat in die Baltimore-omgewing in Limpopo gele  is. Hulle het in 2014 met die produksie van aartappelmoere begin en is in 2019 vir die eerste keer as een van die top tien moerkwekers in Suid-Afrika aangewys. In 2022 is hulle vir die eerste keer as Moerkweker van die Jaar aangewys.

Aan die stuur van hierdie suksesvolle boerdery is Rudi Heinlein, ondersteun deur sy twee seuns, Gerhard en Nikus. In die ho -siektedruk omgewing met uitdagende klimaatsomstandighede waarin hulle gele  is, het hulle bewys dat dit wel moontlik is om ho -gehalte aartappelmoere te produseer, mits goeie praktyke en bestuur toegepas word.

Die suksesresep

Baie mense wil graag weet wat die geheim van hulle sukses is. Rudi glo dat 'n belegging in ho -gehalte aartappelmoere die eerste stap na 'n suksesvolle aartappelseisoen is. Hy voeg by dat goeie en langtermyn beplanning krities is vir besluitneming en goeie risikobestuur.

Buiten die gebruik van tegnologiesgevoerde toerusting soos aartappelplanters en gifspuite, glo Sirkel-N ook



Van links is Gerhard, Rudi en Nikus Heinlein van Sirkel-N-Landgoed.



Gesertifiseerde moere van Sirkel-N-Landgoed.

dat 'n positiewe werksmag tot sukses bydra. Die werksmag moet hul pligte ken en dit met 'n gelukkige hart uitvoer. Abrie van Schalkwyk, produksiebestuurder van die suksesvolle boerdery, sorg dat elke proses, van plant tot oes, met presisie uitgevoer word.

Die proses om siek plante of plante met afwykings uit die moeraanplantings te verwyder, word noukeurig uitgevoer en deeglike rekords word hiervan gehou. Dit stel die bestuurspan in staat om te bepaal of virusdruk verhoog of nie, en om tred te hou met enige langtermyn tendense.

Deur goeie suiweringspraktyke te volg het hulle dit al reggekry om bronne wat viruslesings gehad het, heeltemal te suiwer. Die verkoeling van aartappelmoere in koelkamers word ook noukeurig gemonitor. 'n Proses word gevolg waartydens die moere in die koelkamer gepak word, en dan stelselmatig afgekoel en weer stelselmatig opgewarm word om die gehalte te bewaar.

Die span by Sirkel-N leef waardes soos eerlikheid, opregtheid en objektiwiteit uit. Dit maak dit vir hulle soveel makliker om suksesvol te produseer. Hierdie waardes stel die werkspan in staat om hulle pligte met vertroue, individueel en as 'n span, uit te voer.

Fokus op gehalte

Wanneer dit by markdifferensiasie kom, sorteer hulle met die doel om aan elite-klas sertifisering te voldoen en dring aan op elite-klas sertifiserings-etikette wanneer 'n saadlot daaraan voldoen. Rudi glo dat dit wat in die sak is, buite op die sak aangedui moet word, en dat die produk in die sak moet voldoen aan die standaarde van die elite-etiket.

Sirkel-N is voorwaar 'n voorbeeld van 'n goeie moerkweker en beslis 'n inspirasie vir nuwe toetreders tot die bedryf. Om vir die tweede keer as Moerkweker van die Jaar aangewys te word, is 'n besondere prestasie en 'n welverdiende beloning vir harde werk en volgehoue toewyding.  



Sirkel-N-Landgoed sorteer om aan elite-klas sertifisering te voldoen en dring aan op elite-klas sertifiseringsetikette wanneer 'n saadlot daaraan voldoen.

Vir meer inligting, kontak die
Aartappelsertifiseringsdiens by 060 716 2607,
epos ansa@potatocertification.co.za of
besoek www.potatocertification.co.za.

